



“Kokkedore kamp”

Nuus Brief – Presidente

Jaargang 6 Uitgawe 1
April 2015.

- Voorsitter** : Jaco Gouws - Sel nr. 0833974277
- Ondervoorsitter** : Faan Janse van Rensburg - Sel nr. 0833821571
- Sekretaresse** : Laetitia Gouws - Sel nr. 0829580860
- Penningmeester** : Daan Jacobs - Sel nr. 0824669668
- + Snr. Burger Sameroeper**
- Redaksie:** Johann Gouws - Sel nr. 0824173583
- Statistiek :** Eliza Janse van Rensburg - Sel nr.

“Presidente kamp” sjoe maar dit is `n groot dreigende woord vir `n “rookie kamper “ saam met die groot kokkedore van SAWA kamper – jy skrik jouself boeglam wanner jy by die Klipdraaikamp terrein hek stilhou en hier staan sowat 10 mense jou en inwag ! Alles verloop (te goed) met so `n ietse vir die bestuurder en co-bestuurder vir hul senuwees. Na aankondiging word jy begelei deur een van die naweek se kampkommandante van die Luiperts/ Suid-Oos streek.



Dis skrikwekkend- al die honderde karavaane van verskillende “shape and sizes” waardeur jy vleg om

uiteindelik by jou Schoonspruit maats aan te sluit ! Ai die bekende gesigte van Daan en Sylvia is gerusstend tussen die duisende mense! Dadelik word die karavaan getrek tot op sy regte plek – dan gou die nodige opslaan want ons kom **mos om te kuier vir die naweek.**

Gedurende die middag/aand kom ons ander vriende ook aansluit – Faan en Eliza toe Jaco,Laetitia en

kroos en later nog Johann , Eurika plus hul spannetjie- ons is nou voltallig vir die naweek. Herman (harry) probeer vir die heel eerste keer sy hand aan potbrood met die “varkie”met baie warm kole - dan na `n uur se gewag haal hy `n pragstuk van `n mieliebrood uit die kole oond –manjefick!

Saterdag oggend is vroeg op gestaan en met die spoed van weerlig na die kleedkamers vir “SSS”met heerlike warm water. Gedurende saterdag oggend is rond geloop en die terrein goed verken - Nege uur begin die verrigtinge met kerdiens , verwelkoming . Almal teenwoordig word toe uitgenooi na die opening van die kermis in en om die groot wit tent. Die verskillende streke het elk iets tekoop aangebied daar was - van `n biertuin , spookhuis, nuwe karavaane , kamp toeristing , wit olifant tafel ens. Schoonspruit / Kosmos streek stalletjie bak die lekkerste pannekoek in die land!!- veels te gou is die deeg klaar !

Die middag word daar weereens in die Klipdraai terrein deur sommige oues van dae gestap, (seker om al die poerings te laat sak) terwyl die jonges (en diè van gees) aan die baie items van die boeresport deelneem – ons het gelag , naels gekou, hulle

aangemoedig ,geskreeu vir ons streek se bruljante atlete - dit was pure pret.(van ons gaan noual begin oefen vir volgende jaar)

SONDAG OGGEND

Staan almal maar moeilik op ! – die vorige dag en aand het ons mos al ons energie getap !!

Kerkdiens was weereens treffend en inseggewend – baie dankie aan Ds. Otto Clase “...en toe nie....”

Volgende op die agenda is die Kampkommedante van die naweek – hulle word bedank vir harde werk. Daarna die uitleg van die fondsinsameling per streek asook en uitstaande stalletjies .

Streke Schoonspruit / Goudrif kry die Skild vir die beste % bywooning gedurende die President 2015 naweek – MOOI SO SCHOONSPRUIT !!

